Hoërskool McLachlan
Posbus 3
Joubertina
6410
☎ 042-9402775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 12/12/2023

Geagte Ouers/Voogde

1. **HS McLachlan groet 'n legende:**
   Die einde van 'n era het vir juf. Marietjie Strydom (beheerraadslid en vakhoof vir Afrikaans en Toerisme) aangebreek.

   Bietjie meer inligting oor haar:
   Sy het haar onderwysloopbaan by die Kaapse Tegniese Kollege, Kaapstad, in 1982 begin, waar sy Duits en Afrikaans aangebied het.
   Sy het in 1997 permanent by die McLachlan-familie aangesluit. Sy het 'n wye verskeidenheid van vakke nl. Naaldwerk, Sosiale Wetenskappe, Wetenskap en Geskiedenis aangebied. Die laaste paar jaar het sy Afrikaans en Toerisme aangebied. Sy was ook aktief betrokke by buitemuurse aktiwiteite, waar sy vroeër netbal, atletiek en tennis afgerig het. Op kulturele vlak was sy vir die redenaars en die skoolkoerant, Die Blaker, verantwoordelik. Dit was ook haar briljante idee om die Makietie op die been te bring.

   Sy was voorwaar 'n aanwins vir ons skool en die Langkloofgemeenskap. Sy het diep spore in duisende kinders se lewens getrap en 'n groot invloed gehad op hulle toekoms. Haar integriteit, eerlikheid, standvastigheid, geloof en liefde sal altyd in ons harte voortleef. Sy het die skool se leuse, "Ons plig, ons lus", ten volle uitgeleef.

   Na 33-jaar as onderwyseres, wens ons haar 'n rustige en geseënde aftrede toe.

2. **Personeelaangeleenthede:**
   - Mnr. Schlechter se departementele oorplasing na Paul Sauer is m.i.v. 1 Januarie 2024 goedgekeur.
   - Juf. Marie Strydom gaan Landboubestuur vir gr. 10 – 11 gee.
   - Me. Nicela Terblanche is voortaan by die LSEN-klas.
   - Baie welkom aan die volgende personeel wat 2024 by ons aansluit:
     - Me. Geraldine Strydom – Engels en Toerisme gr. 10 tot 12.
     - Me. Carla Lotter – Engels gr. 7 tot 9 ; Wiskunde gr. 8 tot 9 en NW gr. 7 tot 8.
     - Me. Hannemie Scott – Afrikaans en LO gr. 10 – 12.
   - Die Wiskunde/Fisiese Wetenskap pos vir gr. 10 – 12 is nog vakant.

3. **Aanvang van akademiese jaar**
   Die skole heropen weer op Maandag, 15 Januarie, vir personeel en Woensdag, 17 Januarie, vir alle leerders. Die kantoor sal wel vanaf 08:00 tot 13:00 op Vrydag, 12 Januarie, oop wees.

   Ouers word daarop gewys dat leerders op Woensdag, 17 Januarie, direk na die George McLachlan-saal gaan vir die saalbyeenkoms. Alle leerders moet om

herotel

07:30 aantree. Die roetebusse sal leerders direk by die saal aflaai. Na afloop van die byeenkoms sal graad 2- en 3-leerders met die bus terug skool toe kom. Ons versoek alle graad 1-ouers om hul kinders persoonlik skool toe te bring en by die klas te besorg.

4. **Kwartaalbeplanner:**
Ontvang saam met hierdie nuusbrief 'n harde kopie van kwartaal 1 2024 se beplanning. Bewaar asseblief hierdie dokument, om u ten alle tye op hoogte van gebeure te hou. Waar veranderinge plaasvind, sal dit in die weeklikse nuusbriewe gedoen word.

5. **Merietelys – kwartaal 4:**

| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|---|
| **Gr. 4:** | Nehan Johnston | Jacobus Koorzen | Alexis Vermeulen | Tertius Kritzinger | Igné Ferreira |
| **Gr. 5:** | Nicky Muller | Eric Greeff | Janko Murray | Waldo Strydom | Alexander Baldie |
| **Gr. 6:** | David Baldie | Amoné Botha | Matthys Wright | Stefan Basson | Lisa Swart |
| **Gr. 7:** | Lilitha Ferreira | Alana Johnston | Lienke Strydom | Le Roux Muller | Ockert Koorzen |
| **Gr. 8:** | Robby Stamps | Luzaan Venter | Amish Roberts | Alex Kritzinger | Megan Le Vack |
| **Gr. 9:** | Shané Qwazi | Marlu Kritzinger | Lerissa Lubbe | Frané Manuel | Feyolin Kapank |
| **Gr. 10:** | Ria-Mi Ferreira | Gerbri Ferreira | Anlea Ferreira | Suné Thali | Samuel Snyder |
| **Gr. 11:** | Elanie Kritzinger | Emelee Smith | Arné Oelofsen | Kara Roberts | Denique Ferreira |

6. **Betaalbare gelde – 2024:**
**Skoolgeld:**

- Skoolgeld beloop **R1 270,00 per maand vir 10 maande.** Betaalbaar: Februarie tot November. (Totaal van **R12 700,00 per jaar**)
- Geen glyskaal vir aantal kinders
- Korting vir **aftrekorder** = 6,5% = **R990,00** per maand. Betaalbaar: Januarie tot Desember.
- **Jaarliks vooruit** 10% korting = **R11 430,00** (voor 31 Jan. 2024)
- Glyskaal gegrond op gesamentlike bruto inkomste van beide ouers.

| SKALE | BETAALBAAR | KORTING |
|---|---|---|
| R0 – R10 150 | R 170 | R1 100 |
| R10 151 – R11 400 | R 520 | R 750 |
| R11 401 – R13 650 | R 630 | R 640 |
| R13 651 – R16 150 | R 790 | R 480 |
| R16 151 – R18 250 | R 950 | R 320 |
| R18 251 – R20 700 | R1 070 | R 200 |

**Busgeld (per kwartaal):**

| | | |
|---|---|---|
| Daaglikse roete: | Misgund | R2 630 |
| | Louterwater | R2 350 |
| | Krakeel | R2 070 |

herotel

**Kopieerkoste**:
Kopieerkoste vir 2024 beloop R580,00 per leerder.  Betaal asb. voor 20 Maart 2024.

**Bankbesonderhede**:

| SKOOL: |
|---|
| Bestuursliggaam HS McLachlan<br>ABSA Joubertina<br>Rekening no:  1970 430047<br>Takkode:  632005 |

7. **Handboeke en skryfbehoeftes: 2024**:

Skryfbehoeftes:

- Gr.1 – 3:
  Skryfbehoeftes word aan die einde van die 4de kwartaal uitgegee, boekgelde moet eers betaal word voordat u die pak kan ontvang.

- Gr.4 – 11:
  - Leerders ontvang skryfbehoeftepakke aan die einde van die 4de kwartaal wanneer rapporte afgehaal word.
  - Leerders ontvang skryfbehoeftekontrakte wat ingevul en teruggestuur moet word, en op leêr gehou word.

Handboeke:

- Gr. 12-leerders ontvang 'n roman (leesboek), Onderwêreld, wat die leerders moet lees voordat die skool in Januarie 2024 begin.
- Handboeke word aan die begin van die nuwe skooljaar uitgegee. Indien 'n leerder nie sy/haar handboek aan die einde van 2023 ingehandig het nie, sal die leerder vir daardie spesifieke vak nie handboeke ontvang nie.  Die uitstaande handboek moet eers terugbesorg word of daar moet betaal word vir die boek wat die leerder verloor het.
- Leerders ontvang handboekkontrakte wat deur die ouer en leerder ingevul moet word. Die kontrak word geliasseer as bewys dat die leerder handboeke ontvang het.
- Handboeke word ook op klaslyste ingeteken sodat daar rekord gehou kan word van die handboeke.
- Uitgee van handboeke:
  - ✓ 15 Januarie 2024, gr.4-5: 8:00 – 10:00
  - ✓ 15 Janurie 2024, gr.6-7: 10:30 – 12:30
  - ✓ 16 Januarie 2024, gr.8-9: 8:00 – 10:00
  - ✓ 16 Januarie 2024, gr.10-12: 10:30-12:30
  - ✓ 16 Januarie 2024, meer as 1 kind in gr.4-12: 13:00 – 14:00

  Daar sal streng by hierdie tye gehou word.  Geen vergunning sal gemaak word nie. Leerders en ouers moet teenwoordig wees om handboeke te ontvang.

8. **VRL-kamp**:

Die VRL-lede van 2024 was op 1 en 2 Desember by Louterwater Landgoed vir hul leierskaporiëntasie.  Hulle het baie geleer by "Manie, die eierleier".  Die lede het 'n lekker klomp uitdagings gehad, soos om te swem (tot aan die oorkant van die dam) met 'n takkie en tennisbal in 'n emmer, wat nie mag natraak nie.  Die lede het mekaar beter leer ken en het begin met 2024 se beplanning.  Op die laaste dag het die lede 'n uitdaging gekry: hulle moes 'n klomp

opgestapelde kratte uitklim om ‘n vlaggie in die kratte te soek. Dit het bitter baie selfvertroue en krag benodig. Almal het dit vreeslik geniet en baie geleer. Baie dankie aan mnr. Johan wat hulle gelei en geleer het en baie dankie aan juf. Roethilda vir die heerlike kos.


9. **<u>BK 2024</u>:**

Ons BK-leiers van 2024 het vanaf 1 tot 3 Desember ‘n leierskapkamp by, De Denne, naby Groot Brak bygewoon, waar hulle meer geleer het oor hoe om hulle leierskapeienskappe vir 2024 te benut. Dit was baie lekker en die leerders het dit baie geniet. Hulle was ‘n besonderse goedgemanierde groep en het selfs die sertifikaat gewen vir die BESTE LAERSKOOLGROEP vir 2023, wat hierdie kamp bygewoon het. Ons is supertrots op ons aanstaande BK-leiers en ons glo dat hulle ‘n uitstekende werk gaan doen.

10. **<u>Sluitkassies – 2024</u>:**




Die personeel wens alle ouers ‘n Geseënde Kersfees en 'n voorspoedige 2024 toe. Mag almal lekker saam met hulle gesinne kuier en mag hierdie feestyd net die mooie vir almal inhou.



C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Tel: +27 (0) 42 940 2775
Cell: +27 (0) 64 650 9453
Hoërskool McLachlan

herotel
McLachlan Internet Fasiliteit